

30 Mei 2021

# Gr. 7-10 (CATZ) Klets-Klas

## Johannes 3:1-17



### wat wil jy vandag bereik?

Nikodemus kom na Jesus toe om met Hom te gesels oor geloof. Mens sou dit vreemd kon vind aangesien Nikodemus 'n leier is van die kerk in Jesus se tyd.

Jesus praat oor wedergeboorte. Belangrik dat ons nie vasval in detail waaroor ons nie seker is nie. Wedergeboorte is iets wat God doen. Ons ervaar dit as geskenk.

### ons storie: ysbreker (hier en nou)

Ken enige een 'n storie oor hulle geboorte of geboorte-dag?

Mens het al in movies gesien dat die geboorte van 'n baba soms angstige en selfs snaakse oomblikke kan hê.


'n Baba het nie 'n keuse oor hoe en waar of selfs wanneer hulle gebore word nie.

Elke geboorte is spesiaal omdat dit die begin is van 'n nuwe lewe, dit is 'n heilige oomblik en 'n misterie.

### GOD se storie wat sê die Bybel (daar en dan)

### lees Johannes 3:1-17 saam as 'n groep


As daar tyd is, kan elkeen dit daarna weer op sy/haar eie tyd lees.



### word stil

Lees Psalm 139:13-17

**Let op na hoe God van ons weet voordat ons gebore word. Hy is van voor ons geboorte af by ons betrokke.**



## gesels dan oor die volgende saam

Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het.  
Of enige vrae wat jy nou het.

Hoekom dink julle het Nikodemus in die nag na Jesus toe gekom?

Hoe verstaan julle wat Jesus sê oor wedergeboorte?

Dit kan mens help as jy weet mens kan die woorde van Jesus ook vertaal met: om opnuut gebore te word / van vooraf gebore te word / van bo af gebore te word.

Belangrik dat ons onthou wedergeboorte is iets wat God doen.

God maak ons nuut deur Sy Gees.

Jesus gebruik die beeld van die wind wat waai om te verduidelik hoe die Heilige Gees werk.

Hoe help die beeld julle?

God se Gees beweeg en werk - al kan ons sien wat die Heilige Gees doen en hoe Hy werk kan ons dit nie altyd verduidelik of verklaar nie.

Jesus se woorde in vers 16 en 17 is 'n belangrike opsomming van wat Jesus op aarde kom doen het.

Wat dink jy van hierdie woorde van Jesus?

Wat beteken dit vir jou?

## ons nuwe storie

Hoe ons nuut, dink, doen en leef in die wêreld rondom ons. Verder en Voor

As julle groep tyd het lees ook: Esegieël 36:25-27.

Hoe help hierdie teks julle verder in die gesprek?

## na die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is

Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.

Wat dink julle was die hoofgedagte?  
Kan julle dit in een sin opsom?

## bid vir mekaar

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid?

Onthou julle nog die ABC van gebed?

**A**anbidding

"Here, ek aanbid U, want..."

**B**elydenis

"Here, vergewe my vir..."

**V**oorbidding

"Ek bid vandag vir..."

**D**anksegging

"Dankie, vir..."

**E**ie behoeftes en toewyding

